**SWARTLAND MUNISIPALITEIT**

**KENNISGEWING 109/2025/2026**

**KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 116(3) VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUUR, 2003 (WET 56 VAN 2003), BETREFFENDE DIE VOORGESTELDE VOORTSETTING VAN BESTAANDE REGSMANDATE TOEGEWYS KRAGTENS TENDER T40/22/23**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 116(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) ("MFMA"), dat die Swartland Munisipale Raad van voorneme is om die voortsetting van sekere bestaande kontraktuele regsmandate wat ingevolge Tender T40/22/23: Aanstelling van 'n Paneel van Regsdiensverskaffers toegeken is, toe te laat.

Die voorgestelde voortsetting is slegs van toepassing op regsaangeleenthede waarvoor instruksies voor 30 Junie 2026 uitgereik is en behels nie die toekenning van nuwe werk nie. Alle nuwe regsinstruksies sal deur die paneel van regsdiensverskaffers wat ingevolge Tender T38/25/26 aangestel is, hanteer word.

**REDES VIR DIE VOORGESTELDE VOORTSETTING**

Die Munisipaliteit het bevind dat dit nie in sy beste belang sou wees om bestaande regsmandate wat nog nie afgehandel is nie, te beëindig. Die betrokke aangeleenthede sluit lopende litigasie, transporttransaksies en ander regsprosesse in ten opsigte waarvan die aangestelde prokureurs reeds oor uitgebreide kennis van die feite, dokumentasie, regsvrae en prosedurele geskiedenis beskik. Die oordrag van sodanige aangeleenthede na nuut aangestelde regsdiensverskaffers sal lei tot duplisering van werk, verhoogde koste, vertragings en moontlike benadeling van die Munisipaliteit se regsbelange.

Die voorgestelde voortsetting word derhalwe as noodsaaklik beskou om die doeltreffende, ekonomiese en effektiewe afhandeling van bestaande regsaangeleenthede te verseker en is uitsluitlik beperk tot die afhandeling van aangeleenthede wat reeds voor 30 Junie 2026 toegeken is.

**BETROKKE REGSDIENSVERSKAFFERS**

Die voorgestelde voortsetting is slegs van toepassing op bestaande regsmandate wat tans deur die volgende regsdiensverskaffers hanteer word:

- Du Plessis & Mostert Prokureurs;
- HSG Attorneys Incorporated; en
- Marais Müller Hendricks Prokureurs Ingelyf.

**UITNODIGING OM VERTOË TE RIG**

Lede van die plaaslike gemeenskap en ander belanghebbende persone word hiermee uitgenooi om skriftelike kommentaar of vertoë rakende die voorgestelde kontrakverlenging te rig aan die Munisipale Bestuurder, Munisipale Kantore, Kerkstraat 1, Malmesbury of per e-pos aan swartlandmun@swartland.org.za teen nie later nie as 15:45 op Vrydag, 3 Julie 2026, duidelik gemerk: **"Kommentaar: Voorgestelde Verlenging van Regsdienskontrakte ingevolge Artikel 116(3) van die MFMA"**.

Navrae in hierdie verband kan gerig word aan Madelaine Terblanche, terwyl persone wat nie kan lees of skryf nie, gedurende normale kantoorure vir bystand met Nicolette Brand by die munisipale hoofkantoor in Malmesbury in verbinding kan tree.

**J J SCHOLTZ**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**MUNISIPALE KANTORE**
**KERKSTRAAT 1**
**MALMESBURY**

**19 Junie 2026**